# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS



*No. 18*
*n Fortuin op die spel.*

*Gys van Graan*

Skielik skiet 'n flitsstraal deur die donker en Obed sien die oop venster en 'n hand wat die gordyne opsyskuif. Die weerkaatsing van lig op 'n edelsteen laat hom besef dat dit Pierre is. Nols se kop word in die ligbaan sigbaar en 'n ruk lank tuur hy die vertrek binne onderwyl Pierre die ligstraal deur die donker laat swaai. Albei klim na binne en die lig speel teen die kamermure, kom op een plek tot rus en 'n hand druk teen die houtpaneelwerk. Die lig beweeg weer. In die straal daarvan kan Obed duidelik die geheime kluis van Louis Bühle se voorvaders sien. Die lig val al voller op die ruimte. Eensklaps verdwyn die lig en die elektriese lamp gaan in die eetkamer aan.

# S.A. POLISIE EN SWERWER- SPEUR-DER REEKS



*No. 18*

*n Fortuin op die spel.*

*Gys van Graan*

OBED DE SWARDT, die Swerwerspeurder word deur sy nooi, Tessa van Wyk, ontbied na die ou familieplaas in Franschhoek. Daar verneem hy dat die hoogbejaarde eienaar op sy sterfbed lê, dat die erfgenaam vermoor is en dat een van die ander moontlik erfgename van die moord verdink word, maar dat hy verdwyn het.

Daar verskyn ook 'n vietse Franse nooientjie op die toneel, en die wedren tussen die Swerwerspeurder, die moordenaar en die polisie begin.

Hierdie is beslis een van die beste verhale wat Gys van Graan nog geskryf het vandat hy die Swerwerspeurder-reeks oorgeneem het en dit is aangename spanningsleestof uit die hoogste rakke.

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | 'n Vrou vir Obed | 3 |
| 2. | Geheimsinnige besoek | 17 |
| 3. | Tussen twee vure | 31 |
| 4. | Die geheime paneel | 45 |
| 5. | Tessa maak 'n plan | 58 |
| 6. | Mislukte Inbraak | 73 |


Hoofstuk 1

# 'N VROU VIR OBED

Die vliegtuig stryk met 'n ligte skok op die aanloop baan van die D.F. Malan-lughawe neer en rol met afnemende vaart in die rigting van die laaivlak. 'n Motreën stuif saggies neer en versluier die omgewing in 'n klam, koue waas. Toe Obed de Swardt op die trap uitstap, vang 'n skraal noordwestewind hom vol in die gesig. Hy hyg effe na asem, grinnik verleë vir die glimlaggende lugwaardin en trek sy jaskraag hoër om sy ore.

As 'n mens etlike jare lank aan die Rand was, vergeet jy hoe onplesierig 'n Kaapse winter kan wees as die motreën dae aaneen meedoënloos neersif, aangedryf deur 'n snerpende wind uit Blouberg se rigting. Obed knak sy nek en stryk met lang treë na die uitgang aan. Ligte sprei triestige, geel strale deur die reën.

Hy het die oggend 'n dringende telegram van Tessa van Wyk uit Franschhoek ontvang, waar sy en haar broer tans op die ou familieplaas kuier. Nols het kwaai gemurmureer toe Tessa haar plan om Chateau le Roux in die Drakenstein-vallei te besoek aan hom bekend gemaak het. Hy is 'n man wat maklik verkoue kry, het hy probeer teëstribbel, en die Kaapse winters werk nie juis sagkens met 'n verkouerige mens nie.

Maar Tessa was onwrikbaar. Ou oom Henri het 'n beroerteaanval gehad. Hy is al diep in die negentig en sal waarskynlik nie sy siekbed oorleef nie. Hy is die laaste naamdraer van die ou Le Roux-familie, waaraan Tessa en Nols vérlangs verwant is. Hy is steeds beskou as die hoof van die Huis le Roux en tradisie het vereis dat alle bloedverwante by sy sterfbed teenwoordig sal wees.

Jare gelede, toe Obed op Stellenbosch aan universiteit was,

het hy met oubaas Henri en tante Marie kennis gemaak. Hul kleinseun, en op een na die laaste erfgenaam van die familie, Pierre Henri Horst, was saam met Obed in die sosiologie-klas. Op sy uitnodiging het Obed een naweek per fiets die 19 myl oor Helshoogte na Chateau le Roux afgelê en die twee ou mense ontmoet. Die oubaas, wat 'n korrelkop van die eerste water was, het sommer met die bymekaarkom van Obed gehou. Sy versoek dat Obed weer moet kom kuier, saam met of sonder Henri, was soos 'n bevel. Daarna het Obed dikwels die pad oor Helshoogte Franschhoek toe gevat.

Kort nadat hy na Johannesburg verhuis het, is tante Marie oorlede en nou lê die oubaas ook op sy sterfbed. Nogmaals wonder Obed of Tessa se dringende versoek om dadelik na Chateau le Roux te kom met die oubaas se siekbed in verband staan. Die tergende trilling van opwinding wat hy al die hele dag voel, waarsku hom egter dat daar bes moontlik weer 'n avontuur op hom wag. Sedert hy besluit het om op eie houtjie jag te maak op misdaad, gedwing deur 'n knaende hunkering na avontuur, was hierdie hunkering nog selde lank onbevredig gelaat.

By die gedagte hieraan begin sy donkerblou oë lewendig vonkel en 'n guitige grinnik trek sy aantreklike, sterk mond skeef. Effens weggevoer deur die voorsmaak van opwinding stap hy die terminus binne en staan 'n oomblik in die helder lig asof hy nie van sy omgewing bewus is nie. Sy binnekoms is egter deur verskeie mense opgemerk en veral deur 'n jong man en meisie wat vinnig na hom aankom.

,,Obed!"

Die meisie se sagte, melodieuse stem laat hom vinnig opkyk. Haar bruin oë beskou hom ondersoekend en 'n ligte glimlaggie huiwer om haar vol, rooi mond. Weer eens moet hy erken dat Tessa van Wyk wonderlik mooi is. Etlike kere het hy al op die punt gestaan om haar die jawoord te vra. Maar hy het hom nog iedere keer betyds bedwing. Sy lewe is te dikwels in gevaar. Sy



selfopgelegte lewenstaak laat nie ruimte vir 'n vrou nie.

Hy loop haar laggend tegemoet. Spontaan gly haar arms om sy nek en druk haar koel-klam lippe op syne in 'n innige soen van verwelkoming. Sy omhelsing is ewe innig. Sy hart bons vir 'n oomblik onstuimig en die bloed pols vinniger deur sy gespierde liggaam. Sy snak effens na asem en woel half skamerig uit sy arms. Dan wend sy haar tot die jong man agter hulle.

,,Jy onthou mos nog vir Nols?" vra sy.

,,Sal ek hom ooit vergeet!" roep Obed uit. ,,Hoeveel keer het hy my in die afgelope jare aan die Rand nie na sy sogenaamde onderonsies uitgenooi nie. Die wilde partytjies waarin een en almal ontaard het. . ."

,,Moet jy my so swart smeer voor my suster?" verneem Nols in sy gemaksugtige stem onderwyl sy wenkbroue omhoog krul.

Sy bruin oë staar luierig na Obed vanuit 'n groot, blosende gesig. Nols van Wyk is lank en breed. Sy houding is slapgemaklik, asof niks ter wêreld hom raak nie.

,,Toe maar, ou broer, ek kan jou alles van jou streke vertel," kom dit laggend van Tessa. ,,Dinge waarvan Obed nie eens weet nie."

,,Dit is darem laat in die dag as jou eie bloedfamilie jou begin beswadder," merk Nols sugtend op.

Obed lag, maar ten spyte van Tessa en Nols se stuitige gekorswel voel hy 'n onderliggende steurnis in hul houdings. Intuïtief weet hy dat hulle probeer wegskram van die rede waarom hulle hom laat roep het. Dit moet vir albei òf baie pynlik, òf baie skokkend wees, dink Obed. Hy besluit egter dat dit beter sal wees om die twee uit hul eie te laat praat—wanneer hulle wil.

,,Hoe gaan dit met oom Henri?" vra hy.

,,Hy is sterwende," antwoord Nols. ,,Ek glo nie hy kan dit meer lank maak nie. Die dokter het gesê dat oom Henri gans te

veel eet en drink vir 'n man in sy toestand. Jy moes gehoor het wat hy vir die dokter daarop te sê gehad het."

,,Ek kan my dit goed voorstel. Henri Paul Gaspard le Roux van Chateau le Roux het hom nog nooit van geen mens laat voorskryf nie."

,,En allermins van 'n dokter."

,,Presies. Maar waaraan skryf die dokter die beroerteaanval toe? Sover ek kan onthou, was oom Henri nog nooit in sy lewe siek nie."

,,Suster en broer kyk mekaar vinnig aan. Dit is Nols wat praat. ,,Onthou jy nog vir Tjaart Bühle?" vra hy.

,,Sjarmante Tjaart? Natuurlik!" roep Obed uit. ,,Hy is mos oom Henri se enigste oorlewende seun, nie waar nie?"

,,Was," antwoord Nols en vryf oor sy massiewe ken. ,,Hy is vermoor."

,,Vermoor?" verneem Obed en voel die trilling van opwinding sterker deur hom gaan. Hy is glad nie verbaas oor wat hy hoor nie, hoewel die nuus vir hom soos 'n skok kom. ,,Wanneer?"

,,Twee dae gelede," antwoord Nols. ,,Hy is geskiet. . ."

,,Maar, Nols," val Tessa haar broer sagweg in die rede, ,jy moenie vergeet dat dit nog nie bewys is dat Pierre vir Tjaart doodgeskiet het nie. Ek kan dit nie glo nie en ek hoop Obed sal met my saamstem."

Obed is al so dikwels wreed ontnugter deur mense wat hy as eerlike, opregte wesens aanvaar het, maar tog is die skok hierdie keer groter. Hy en Pierre was nogal geheg aan mekaar, gebind deur die agting wat hulle albei vir oubaas Henri le Roux gehad het en die liefde vir studie oor die mens en sy swakhede. Hy kan moeilik glo dat iemand soos Pierre sou moord pleeg—en dit nogal op sy eie oom—maar hy besef dat dit soms juis die man van wie jy dit nie verwag nie wat die verskriklike misdade pleeg.

,,Dis gaaf van jou, sus, om vir Pierre in die bresse te tree,"



kom dit lomerig van Nols. ,,Maar die bewyse teen hom is te oorweldigend. Onthou, ek het self die skoot gehoor, skaars tien minute nadat ek van Pierre af weggestap het."

,,Ek verkies om Pierre se verklaring te glo," hou Tessa vol, onderwyl haar sagte bruin oë vasberade skitter en sy haar ken effens astrant oplig.

,,En dit is?" vra Obed.

,,Hy beweer hy het 'n uil geskiet," antwoord Nols. ,,Maar nie getref nie!" gaan hy voort en kyk betekenisvol na Obed. ,,Jy weet self dat Pierre op twintig tree die klawers, hartens, ruitens of skoppens uit 'n speelkaart kan skiet."

,,Ek weet hoe goed Pierre skiet," tree Tessa tussenbei. ,,Maar jy het self erken dat julle na die skyfskietwedstryd op die dorp Pierre se oorwinning gevier het en dat hy glad nie nugter was toe julle uit die dorp weg is nie."

,,Waarom sou Pierre vir Tjaart skiet?" verneem Obed.

,,Hy en Tjaart het soos gebruiklik gedobbel en Pierre het heelwat verloor. . ."

,,Dis tog geen rede om jou eie oom van die gras af te maak nie," merk Obed fronsend op.

,,Og, dit was nie oor die geld nie. Tjaart was onmanierlik genoeg om 'n pand van Pierre te eis vir die bedrag. Pierre het die rosekrans wat hy van sy moeder geërf het—jy weet watter nougesette Rooms-Katoliek daardie Franse dame was—van sy nek afgehaal. . ."

,,Nooit!" kom dit werklik verbaas van Obed. ,,Die man het nie eens daardie rosekrans afgehaal as hy gaan slaap nie, hoewel hy geen Rooms-Katoliek was nie."

,,Juis te meer waarom Tjaart dit as pand geëis het. Hy en Pierre was albei ver van nugter en Pierre was oortuig daarvan dat hy die geld van sy oupa sou kon leen. Maar oom Henri het geweier en hy moes 'n lening by sy bank neem. Toe Pierre die geld vir Tjaart gee, beweer hy egter dat hy die rosekrans uit-en-

uit gewen het in die dobbelspel."

„Pierre sou nooit so iets gedoen het nie!" roep Tessa verontwaardig uit. Die rosekrans is 'n erfstuk wat al geslagte lank in sy moeder se trotse ou Normandiese familie was. Wat die werklike waarde daarvan is, sal 'n mens seker nie maklik kan vasstel nie, hoewel dit met diamante en ander edelgesteentes beset is. Maar vir Pierre is dit heilig en van onskatbare sentimentele waarde. Sou hy dit in 'n dobbelspel gewaag het?"

„Ek sê dit ook nie," gaan Nols skouerophalend voort. „Die feit bly egter staan: Tjaart wou dit nie afgee nie. Hy het selfs die flater begaan om Pierre sy huis te verbied. Toe ons eergisteraand van die skyfskiet af terugkeer, wou Pierre sy oom net met geweld in sy huis loop bydam. Tjaart was egter op die plaas en Pierre het beloof dat hy sal wag totdat ek met sy oom gepraat het voordat hy enigiets doen. Tjaart het ons egter die werf van Chateau le Roux sien binnery en agter om die huis padgegee."

„Sot!" kom dit afkerig van Tessa.

Pierre het nie hiervan geweet nie, want hy het saamgestem dat dit beter sou wees as ek alleen met Tjaart praat. Hy het gesê hy stap sommer so 'n bietjie stalle se kant toe. Nadat ek uitgevind het dat Tjaart weg is, het ek hom gaan opsoek. Hy was woedend en het sy skyfskiet-rewolwer uit die motor gaan haal en op die werf na Tjaart begin rond soek. Ek het hom egter omgepraat om nie iets krimineels aan te vang nie. Ons was toe reeds 'n goeie halfmyl van die opstal af in die naaste wingerd. Hy is terug huis toe en ek het Tjaart probeer soek. Geen tien minute later nie het ek 'n skoot hoor klap."

„Pierre sê hy het 'n uil geskiet. . ."

„Daar was geen dooie uil nie, maar Tjaart het voor die kelder dood gelê toe ek daar kom," val Nols sy suster in die rede. „Hy het 'n sakdoek van Pierre in sy hand gehad en die rosekrans was weg. . . Pierre ook. Hy het die nag teruggekeer plaas toe met die storie dat hy dorp toe was om sy frustrasie te gaan verdrink.



Oënskynlik het hy niks van die moord op sy oom geweet nie, maar dis later bewys dat Tjaart met een van Pierre se geliefkoosde rewolwers doodgeskiet is. Ek het hom voor stok gekry oor die skoot wat ek gehoor het en toe kom hy met die verskoning voor die dag dat hy na 'n uil geskiet het."

„Waar is hy nou?" vra Obed.

„Geen mens weet nie, maar ek is seker daarvan hy hou hom iewers in die vallei skuil," antwoord Nols. „Daar is mense wat hul lewe vir dié kêrel sal waag."

„En nou is hy ryk oom Henri le Roux se enigste oorlewende erfgenaam," merk Obed op.

„Obed!" roep Tessa geskok uit. „Jy dink tog nie dat Pierre sy oom vir 'n erfporsie om die lewe sou bring nie!"

„Moenie kinderagtig wees nie, Tessa!" kom dit skielik skerp van haar broer. „Dit is tog die natuurlikste ding ter wêreld waaraan enige onpartydige mens sal dink."

„Dis nie waaraan ek gedink het nie, Nols," antwoord Obed langsaam, sy blou oë nougetrek teen sy sigaretrook en 'n uitdrukking van geslotenheid op sy sterk gesig. „Ek het aan oom Henri self gedink. Die skok moes vir die trotse ou patriag verskriklik gewees het."

„Dit was," antwoord Tessa. „Hy was drie-uur lank bewusteloos en almal het gevrees dat hy nie weer sy bewussyn sou herwin nie. Die skok so kort na sy beroerte-aanval was byna te veel. . ."

„Dit wás te veel," meen Nols. „Ek glo nie hy sal ooit weer uit sy bed uit opstaan nie."

„Waarvan het hy beroerte gekry?" verneem Obed.

„Hy en Tjaart se seun, Louis, het oor politiek gestry. Jy weet hoe oom Henri hom kon vererg as iemand met hom van politieke sienswyse verskil. Louis het gesê oom Henri is bevooroordeeld teen die Mohammedane en die oubaas het so kwaad geword dat hy letterlik beroerte gekry het."